# Inhoudsopgawe

Die stinkstorie 9

Soene en sirkusse 73

Muise en gespuise 143

Speurder

# Kwaaikofski

## Die stinkstorie



# HOOFSTUK 1

Almal wat my ken, weet ek hou daarvan om alleen te werk. Die enigste een wat met my ondersoeke mag inmeng, is my ou vriendin Olga. Sy verkoop my geliefkoosde Carpenters kougom by haar kiosk en gee ook vir my goeie wenke.

Ek sê dit nie graag nie, maar een ding is seker: Sonder Olga sou ek nooit so 'n suksesvolle privaatspeurder geword het nie.

Maar die laaste twee weke moes ek sonder haar regkom.




Olga het iewers in die Middellandse See op 'n passasiersboot vakansie gehou en haar kiosk vir daardie tyd gesluit. Voor sy weg is, het ek om veilig te wees vir my 'n ekstragroot voorraad Carpenters gekoop. Maar my kougom het nogtans opgeraak.

Of ek nou huiswerk moet doen of diewe en afpersers moet vang – sonder Carpenters, die beste kougom in die wêreld, kan my

brein nie ordentlik werk nie. Daarom was ek gisteroggend voor sewe al in die lang tou voor Olga se kiosk. Die mense het van die kiosk af tot by die bushalte gestaan en wag. Ek was nie die enigste een wat bly was Olga kom terug nie.



Uiteindelik is dit my beurt. "Vyf pakkies Carpenters," vra ek nadat ek vinnig moes keer dat Olga my nie voor almal soen nie.

"Ek maak so, Kwaaikofski."

"Hoe was dit op die skip?" vra ek.

"Winderig," antwoord Olga en sit die pakkies kougom voor my op die toonbank neer.

Ek gee vir haar geld, skeur 'n pakkie oop en steek dadelik 'n stuk Carpenters kougom in my mond. Sekondes later begin my breinselle dans van blydskap.

Olga leun nader en maak haar oë groot. "Laat ek vir jou goeie raad gee. Moet nooit op 'n bootreis gaan nie," fluister sy in my oor.

"Hoekom nie?"

"Dis soos 'n drywende ouetehuis," sê sy. "Ek was 'n tiener in vergelyking met die res van die passasiers. Sowaar!" voeg sy by toe sy sien ek glo haar nie.




Ek wil my vriendin nie beledig nie, maar sy's vyftig jaar oud en lankal nie meer 'n tiener nie. Maar sy is nou bruingebrand en dra 'n sonbril en 'n T-hemp met die woorde "Sexy hexy" daarop, so sy lyk amper veertig.

Oukei, miskien vyf-en-veertig. Maar nog

steeds, sy hoort definitief nie tussen 'n spul oumas en oupas nie.

Die mense in die tou raak verveeld met ons geklets en begin ontevrede brom.

Ek is bang hulle loop, so ek stop die pak Carpenters maar in een van my baadjie se baie binnesakke. Maar toe verras Olga my en sit 'n mooi opgemaakte pakkie voor my op die toonbank neer.

"Dis vir jou, Kwaaikofski," sê sy. "Omdat ek jou so gemis het."

